NG Kerk Alkmaar – ’n Gemeente wat omgee!

Die Ned Geref Kerk Alkmaar

Ons gee om vir God en sy Woord, vir mekaar en vir die wêreld!

AGENDA van die GEMEENTEVERGADERING 29 MEI 2022 om 10:15

1. Verwelkoming:

2. Opening:

3. Teenwoordig: Lys sal deurgestuur word.

4. AANLOOP TOT DIE VERGADERING (Voorsitter: Ds Marius Crouse)

1.4.1 Die Oostelike Sinode het na ons buitengewone sinodesitting in November 2021 versoek dat kerkrade moet terugvoer gee oor die gevoel in gemeentes na aanleiding van enkele gemeente se versugting om nie meer deel te wees van die NG Kerk se Algemene Sinode nie. Tydens ons kerkraadsvergadering van 7 Maart 2022 is besluit dat Alkmaar se gemeentelede eers geraadpleeg sal word om die gevoel te kry of ons as gemeente steeds deel van die Algemene Sinode wil bly, al dan nie. Daar was wel geen vraag of versoek in hierdie verband tot ons kerkraad gerig nie, maar om terugvoer te kan gee, het die kerkraad besluit om tydens ’n gemeentevergadering dan ons eie lidmate se gevoel te probeer bepaal. Die Oostelike Sinode in sitting het wel besluit om as sinode steeds deel te bly van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

1.4.2 Die volgende skrywes verwys:

1.4 2.1 Die Oostelike Sinode versoek in hul skrywe gedateer 9 Februarie 2022 om te laat weet wat kerkrade besluit en genotuleer het n.a.v. die Algemene Sinode se 2019-besluit rakende die SGV (Selfdegeslagverhoudings). Hiermee ons besluit as kerkraad van Alkmaargemeente geneem op 31 Augustus 2020 NG Alkmaar Kerkraad Notule 31.08.2020 Punt 8.2 verwys: - n.a.v. die skrywe vanaf Gustav Claassen (Algemene Sekretaris van die NG Kerk) se kommentaar op die berig in die Kerkbode getiteld “SGV: Bevestigings mag nou voortgaan” – Die kerkraad neem kennis van dr Claassen se skrywe en benadruk dat: “Ons as Alkmaargemeente herbevestig die besluit soos deur die Algemene Sinode van 2004 geneem dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ‘n huwelik beskou kan word.” Hierdie besluit is so aan die Oostelike Sinode deurgee.

1.4.2.2 Oostelike Sinode skrywe gedateer 11 Februarie 2022 meld die vestiging van ‘n Projekspan wat kan help met die uitvoering van die volgende Sinodebesluit: Die Sinode besluit dat, indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te

tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree.

1.4.2.3 Die Kerkraad beveel aan dat elke lid hul sal vergewis van die Amptelike Besluit van die Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudings met die Sinode se sitting in 2019. Hierdie Amptelike besluit kan gelees word in die Kerkbode van 8 Oktober 2019. Dit kom in kort daarop neer dat elke gemeente self kan besluit of selfdegeslaghuwelike bevestig mag word binne die gemeente al dan nie.

1.4.2.4 Besoek gerus ons gemeente se webwerf www.alkmaar.co.za Indien ’n lidmaat meer inligtig verlang, is hy/sy welkom om vrae per e-pos te stuur aan Ds Johannes van der Merwe 074 142 3456 (Leraar/Voorsitter) ephesians321@me.com of Frank Erasmus 071 549 6741 (Ondervoorsitter van die kerkraad) by frankerasmus@outlook.com asook Thys Swart 082 388 0563 (Voorsitter van die Toerusdiensgroep) by elidala44@gmail.com Lidmate is ook welkom om afspraak te maak vir gesprek met die betrokke persone.

1.5 DOEL VAN VERGADERING:

Om die gemeentelede kans te gee om te se hoe hul voel oor die pad vorentoe vir ons as gemeente van NG Kerk Alkmaar en of ons steeds onder die Algemene Sinode wil resorteer al dan nie.

1.5.1 Gemeentelede kry spreekbeurte.

1.6 VOORSTELLE/BESLUITE AAN KERKRAAD OM DEUR TE GEE AAN OOSTELIKE SINODE.

1.6.1 _____

1.7 AFSLUITING.